SKEP HOOP FONDS

Die diakonie voel geroepe om, gegewe die uitdagings wat ons land en gemeente met die huidige COVID-19 pandemie in die gesig staar, ook die diakonale werk binne ons gemeente te versterk.

Die taak van die diakonie is om in die gemeente van Christus die diens van gemeenskapsbeoefening en liefdesbelewing te onderhou, te bevorder en uit te bou as die konkrete belewing van die liefdesgemeenskap tussen die kinders van God. Hierdie is dus 'n liefdevolle meelewing oor die hele gemeente, ter ondersteuning van mekaar in nood.

Daarom begin die diakonie met die "Skep Hoop Fonds". Die naam "Skep Hoop" kom uit Romeine 5 waar Paulus die gemeente aanspoor om te roem in die hoop op God se heerlikheid, om te volhard in verdrukking, omdat dit lydsaamheid en beproefdheid en hoop voortbring en hierdie hoop sal nie beskaam nie.

Vraag en Antwoord

- **Waarom 'n aparte fonds?** Die buitengewone fonds word geregverdig deur die ongewone omstandighede van die Covid-19 pandemie. Hierdie pandemie het dramatiese gevolge op die ekonomie, ook binne ons eie GKC gemeente. Die diakonie verwag dat die gewone diakonale dienswerk nie voldoende sal wees nie, en dat daar 'n groter nood is wat nou reeds aangespreek moet word.

- **Hoe gaan fondse ingesamel word?** Vrywillige donasies vanuit ons gemeente

- **Hoe maak ek 'n bydra?**
  - Doen inbetaling direk aan diakonie rekening met verwysing "**Skep Hoop**"

    Rek Naam: Diakonie Gereformeerde Kerk Centurion
    Bank: ABSA Lyttelton
    Takkode: 632005
    Rek no: 600 280 589
  - Betaal met hierdie Zapper kode:
  - Selekteer Zapper skakel: https://zapper.com/url/hpfcqOf5--
  - Skakel jou diaken of ouderling

- **Wat gebeur met die gewone diakonale bydraes**? Die gewone diakonale dienswerk gaan steeds voort, en u word gevra om soos normaalweg steeds diakonale bydraes te maak. Die Skep Hoop fonds is addisioneel

- **Wie gaan die fonds bestuur?:** Die diakonie sal die fondse bestuur, in samewerking met ‘n adviserende komitee, wat bestaan uit gemeentelede met toepasliek gawes. Die komitee sal die diakonie bystaan in die besluitneming en toekenning van hulp binne die gemeente.

- **Vir wie gaan die fondse gebruik word?** Die fondse wat ingesamel word sal uitsluitlik vir barmhartigheidswerk binne ons gemeente aangewend word, en spesifiek om gemeentelede wat finansiële probleme ervaar as ‘n direkte gevolg van die pandemie en die meegaande staat van inperking.

- **Hoe gaan die gemeentelid gehelp word**
  - Hersiening van inkomste en uitgawes om die gemeentelid te help om sy/haar finansies te bestuur en finansieel onafhanklik te wees na Covid-19;
  - Skuldberading en hulp met herstrukturering/onderhandeling van skuld
  - Aankoop van kospakkies. Kospakkies sal opgemaak word na gelang van die grootte van die gesin en sal voldoende wees om die gesin vir ’n maand te onderhou;
  - Finansiële hulp soos deur die komitee bepaal.

- **Hoe doen ek aansoek?**
  - Skakel asb. jou diaken, ouderling of predikant;
  - Antwoord op die diakonie vrae skakel “Skep Hoop Fonds” wat uitgestuur gaan word op WhatsApp;
  - Skryf epos aan: skephoop@gkcenturion.co.za

- **Watter inligting gaan verlang word?**
  - Die aard van die geval sal bepaal watter inligting verlang word. Dit mag onder andere die volgende insluit:
    - Voltooiing van ‘n inkomste/uitgawe staat;
    - 3 maande se bank state van alle rekeninge;
    - Alle polis besonderhede;
    - Alle rekenings wat uitstaande is;
    - Wat enige krediet aan betref, die paaiement, rentekoers en uitstaande bedrae.

- **Wie gaan almal weet van my probleem/geval?**
  - Wees verseker dat alle gevalle **STRENG VERTROULIK** hanteer sal word deur die diakonie se dagbestuur en waar van toepassing, die diakonielid wat help met kommunikasie en logistieke reëlings.
  - Inligting sal met die komitee gedeel word slegs soos dit nodig mag wees.